SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

Michelle Pieters
michellep@sun.ac.za
+27 (0)21 808 2812 | +27 (0)72 207 0366



# Suid-Afrikaanse Gebaretaal Elementêrevlak A2

ŉ Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**As jy saam met Dowe kollegas werk, of met Dowe lede van die publiek of die ouers van Dowe kinders werk en reeds oor 'n basiese kennis van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL) beskik, is hierdie kursus ideaal vir jou. Deelnemers wat SASL nie self gebruik nie maar hul kennis wil uitbrei, sal ook daarby baat vind om die kursus by te woon.**

**Waarop fokus hierdie kursus?**

Hierdie dinamiese kursus nooi jou dieper in die wêreld van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL) in. Die SASL A2-kursus bou voort op die grondslag wat in die A1-kursus gevestig is en bied verdere insig in die taal- en kultuurnorme van SASL en die Dowe gemeenskap. In hierdie kursus gaan ons die grammatika van SASL meer in diepte verken.

Jy sal die taal inoefen deur middel van ons aanlyn videomateriaal en in pare of klein groepe werk. Sekere sessies sal met behulp van SASL-tolking gefasiliteer word, en die kursusmateriaal is in Engels beskikbaar.

Teen die einde van hierdie tienweekkursus behoort jy in staat te wees om:

- deel te neem aan kort gesprekke in SASL oor bekende onderwerpe
- gepaste gebare, gesigsuitdrukkings en lyftaal te gebruik om betekenis oor te dra
- basiese vrae en stellings in SASL te verstaan en daarop te reageer
- die eenhandvingerspelling-alfabet akkuraat te kan gebruik en herken, vingerspelwoorde korrek te kan vorm en verstaan, en vingerspelling in te kan span om name, plekke en ander spesifieke terme te verduidelik
- 'n begrip van die kulturele en taalkundige aspekte van die Dowe gemeenskap te toon, respek vir Dowe kultuur en norme te hê, en die belang van SASL in die Dowe gemeenskap te verstaan
- SASL in alledaagse situasies en eenvoudige interaksies toe te kan pas, en dit te kan gebruik om in kontekste soos inkopies doen, rigting vra en daaglikse roetines bespreek, te kommunikeer.

**Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?**

Indien jy meer van Suid-Afrikaanse Gebaretaal wil leer en jy klaar ŉ beginnersagtergrond van die taal het, is hierdie kursus ideaal vir jou! Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die kontaksessies word deur ŉ aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

**Is daar enige voorvereistes?**

Die suksesvolle voltooiing van die SASL-beginnersvlak A1-kursus is 'n voorvereiste vir deelname aan hierdie kursus. As jy 'n beginnerskursus elders voltooi het, sal jy 'n mondelinge assessering moet deurgaan voordat ons jou kan plaas.

Jy sal ŉ rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platform (SUNOnline) kan hanteer. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

**Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?**

Ons kursusse kombineer kontaksessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Kursusse open voordat die eerste kontaksessie plaasvind en sluit lank ná die laaste kontaksessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die kontaksessie plaasvind.

Die **10 kontaksessies** vind plaas van 14:00 tot 16:00 in die Taalsentrum se Seminaarkamer in Kleine Bosch, Banhoekweg 44, Stellenbosch op die volgende datums:

| | **Kontakdae** (14:00 tot 16:00) | **Duur van die kursus** (openings- en sluitingsdatums) | **Skryf in voor** |
|---|---|---|---|
| Kursus 1: | 9, 11, 16, 18, 23, 25, 30 September, 2, 7, 9 Oktober | 19 Augustus - 23 Oktober | 19 August |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg bestee:

- een kontaksessie per week van twee uur elk
- ongeveer ses uur per week vir leeswerk, of om take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

**Wie is die aanbieders?**



**Susan (Modiegi) Njeyiyana** is ŉ Dowe digter en akademikus wat onlangs haar meestersgraad in taalkunde verwerf het. Haar eerste gedig was '16 June 16th', gevolg deur 'Bear Wash Day', en haar poësie het baie Dowe digters geïnspireer om nuwe idees te ontgin. Haar kreatiwiteit het ook Dowe kinders blootgestel aan poësie en storievertelling in hulle eie taal. Susan is tans ŉ dosent aan die Universiteit Stellenbosch en doseer Suid-Afrikaanse Gebaretaalverwerwing as addisionele taal aan horende studente.



**Zulfah Shabodien** gebruik SASL as haar eerste taal en fasiliteer vir al meer as 10 jaar opleiding in die SASL-veld. Sy bestuur ook SASL-verwante projekte. Sy is entoesiasties daaroor om haar taal en kultuur te deel met mense wat belangstel. Haar voetspoor in die breër Dowe gemeenskap sluit samewerking in met SociGo om kulturele aktiwiteite deur en vir die Dowe gemeenskap te bevorder. Sy is ook daarby betrokke om materiaal vir SASL as skoolvak te help ontwikkel.

**Wat kos dit?**

Die kortkursusfooi is R6 900 per deelnemer wat kursusmateriaal, assesserings, kontaksessies met jou aanbieder en ligte verversings insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer die minimum kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

**Klik hier** en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. **Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.**

**Enige verdere vrae?**

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.